

Sondag 18 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-4; Genesis 4:1-16

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:4

Ware geloof is ware aanbidding van die lewende, onsienlike God!

Kain en Abel het albei plek gehad waar hulle God aanbid het, aangesien albei 'n altaar gehad het waar hulle vir die Here kon offer. Dit is ook duidelik dat hulle 'n spesifieke dag gehad het waarop hulle aan die Here moes offer, aangesien albei op dieselfde dag geoffer het.

Ons lees egter in Genesis 4:4-5 dat die Here slegs Abel se offer aangeneem het. Sou dit wees omdat Abel se offer 'n groter hoeveelheid was? Was Kain se vrugte-offer dan verkeerd? Nee, niks hiervan nie. Abel se offer het iets oor sy geloofshouding gesê. Hy het die eersteling, met ander woorde die beste, van sy kleinvee aan die Here gebring. Hy hou hierdie deel van sy kudde nie een-kant vir homself nie, maar maak letterlik 'n opoffering vir die Here.

Hy bied aan God die offer wat God verlang. Sy offer was 'n selfoorgawe en 'n dubbele belydenis:

- As sondaar is hy nie werd om homself vir God aan te bid sonder versoening nie.
- In die offer van versoening het hy homself werklik aangebied en oorgegee om God te aanbid en te dien. Wat op die altaar gelê het, was nie bloot 'n offergawe nie, maar Abel se hart. Sy geloof was die offer van homself. Daarom wys die offer van Abel ons na die groot offer van Jesus Christus.

Ware geloof begin by die nederige hart wat erken dat hy sondig is, wat erken dat hy versoening van sy sonde buite homself nodig het, wat erken dat Jesus Christus alleen daardie versoening bewerk. Die ware geloof laat ons die ware offer van Christus omhels en aan God voorhou as versoening van ons sonde.

Abel en ons het nie een fisies die kruisoffer van Christus op Golgota aanskou nie. Die ware geloof laat ons egter sien dat ons die onsienlike God alleen deur die offer van Jesus Christus kan aanbid. Nie ons werke nie, nie ons tradisies en eie, mensgemaakte ideale nie, maar Christus en Christus alleen!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. Wilhan Jobse (Jeffreysbaai)